# Vrae oor die hemel

**Dr. PW Bingle**

Met antwoorde op vrae oor die lewe na die dood word heilige grond betree. Dit is ’n diep verborgenheid. Op hierdie punt ken ons inderdaad net ten dele. Ons kan alleen maar nadink oor wat die Woord van God ons openbaar om oor te dink. Die Bybel is “suinig” aangaande fyn besonderhede oor die hiernamaals. Daarom moet gewaak word teen allerlei nuuskierige vrae en spekulasie. Ons moet die Bybel nie oor-vra en dieper delf as wat ’n sondaar pas nie.

Die hiernamaals sal wees soos Paulus skryf: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie en wat in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, dit het God gereedgemaak vir dié wat Hom liefhet” (1 Kor 1:9). Van die hoofsake verseker die Woord van God ons wel, naamlik dat God se kinders altyd by die Here sal wees en Hom dag en nag sal prys; dat die stryd van hierdie sondige en gebroke bedeling verby is; dat daar nie meer trane, dood, leed, smart en pyn sal wees nie en dat alles nuut geword het (vgl. Openb 21:4-5).

## Wie sal bestaan?

In die sesde basuin en die sewende seël wat oopgemaak word (Openb 6:17) beluister ons die kernvraag van die hele geskiedenis, naamlik: “Wie sal bestaan?” Wanneer die oordele van God losgaan in die geskiedenis, dan bly die groot vraag: Wie sal bestaan? Die bestaansvraag, die vraag van die eksistensie, word altyd ’n al dringender vraag in die geskiedenis.

Die antwoord gee die sewende seël, naamlik die verseëling. Hier het ons die boek Openbaring so nodig vir die geskiedenis en vir die toekoms wat ons ingaan: om hoog te staan en om oor die geskiedenis te kyk, en te weet: hier is die antwoord op die bestaansvraag – die verseëling. Die verseëldes is dié wat geglo het en dié wat gedoop is in Jesus Christus.

## Bly identiteit behoue in die hiernamaals?

Is ek nog “ek” in die lewe na die dood? Ja. Die genade hef nie die skepping op nie. God vernietig nie sy skeppingswerk nie. Dit word ’n herskepping; met ander woorde, die geskapene gaan nie tot niet nie, maar word herskape, geheilig en veredel. Die ou natuur word vernuwe. God skep nie totaal ander mense vir die hiernamaals nie. God sê nie dat Hy *alles nuwe dinge* maak nie, maar dat Hy *alle dinge nuut maak* (Openb 21:5). Hy gaan die oue nie verby nie. Daarom bly identiteit behoue.

Hieruit kan en moet die afleiding gemaak word dat dit hierdie selfde liggaam van my sal wees (in verheerlikte vorm) wat met hierdie selfde siel van my weer sal herenig. Hoe is dit moontlik dat die liggaam wat vergaan het tot stof en as weer sal “opstaan”? Dit is ’n

misterie. Maar God is almagtig. Vir Hom is alles moontlik. Soos die skepping van ’n mens uit mikroskopies-klein saadsperm ’n wonder is, net so is ook die herskepping ’n wonder.

## Sal daar nog tyd wees?

In Openbaring 10:6 hoor ons dat daar geen tyd meer sal wees nie. Ons moenie verkeerd lees, naamlik dat die tyd sal verdwyn en dat die ewigheid dan sal begin nie. Dan mis ons die krag van hierdie woord. Dat daar nie meer tyd sal wees nie, beteken die tyd is verby (vol); die dag van die Here is nou onmiddellik daar. Dit is die oproep van die sewende basuin. Dit dui die einde aan.

Dit is ’n oud-Griekse idee dat tyd vervang moet word met ewigheid. Dit sou vergoddeliking van die mens beteken. Tyd is ’n vorm waarin die mens geskape is om te lewe. Die tyd is nie die ellende en die sonde waarin ons sit nie. Wat weggeneem word, is die *verganklikheid* uit die tyd; die tydelikheid van die tyd. Vir die mens sal die ewigheid wees: tyd sonder verganklikheid, tyd wat nooit ophou nie. Een van die heerlike aspekte van die ewige lewe sal wees dat die mens dan tyd sal hê. Altyd! ’n Tyd wat nooit sal eindig nie.

## Sal daar nog ruimte wees?

Ruimte sal nie ophou bestaan nie. Daar sal nog ’n “hier” en ’n “daar” wees. Die mens sal nie hier en daar tegelyk kan wees nie, want dit sou vergoddeliking van die mens beteken. Alleen God kan alomteenwoordig wees.

## Sal dit weer hierdie aarde wees?

Die uitspraak van Hom wat op die troon sit, naamlik dat God nie alles nuwe dinge maak nie, maar alle dinge nuut maak (Openb 21:5), beteken dat God nie hierdie aarde vernietig en ’n totaal nuwe skepping maak nie. So? Ja, die nuwe aarde sal hierdie aarde wees. So sal daar seker ook plante wees, want die planteryk is die kleed van die aarde en deel van die skepping en nie ’n gevolg van die sonde nie. Daar sal ook diere wees. Wat sal verdwyn, is die wreedheid in die diereryk, want dit (en nie diere nie) is die gevolg van die sonde.

Die gedaante en vorm van die nuwe aarde word egter radikaal verander, herskape, gelouter en geheel vernuwe. En in die gloed van die nuutheid en heerlikheid sal dit vir altyd bly. Nooit sal daar weer verdorring, veroudering of erosie wees nie. Die paradys kom in sy volheid tevoorskyn.

## Leef die siel sonder die liggaam?

Daar is binne die Christendom uiteenlopende gedagtes hieroor. Daar is diegene wat sê dat die siel met afsterwe slaap. Voorstanders van die sieleslaap is byvoorbeeld verskeie sektes, die Sabbatariërs, Oosterse godsdienste (veral in Arabië en Armenië), ook die Anabaptiste. Tekste wat aangehaal word, is waar die dood met die slaap vergelyk word (Deut 31:16; Dan 12:3; Joh 11:11-13). Daar is ook teorieë soos die “sielsverhuising” wat daarop neerkom dat die siel van die afgestorwene in ’n ander liggaam voortleef. Nog ’n dwaling is die leer van die “spiritualisme” wat kontak en verkeer tussen lewendes en

afgestorwenes moontlik ag.

Wat antwoord ons? Dit is nie so dat die siel sonder die liggaam bewusteloos en tot werkloosheid gedoem is nie. Wel is die liggaam werktuig van die siel/gees, maar die siel het sy eie aktiwiteit en arbeid. Die siel leef nie deur die liggaam nie. Die liggaam leef deur die siel. Al is dit so dat die siel sonder die liggaam geen organiese werktuiglike dade doen nie, het die siel tog sy eie lewe wat na die dood ontplooi.

## Liggaamlike behoeftes in die hiernamaals?

Hoewel daar 'n ooreenkoms sal wees tussen die liggaamlike bestaan in hierdie lewe en die liggaamlike bestaan in die hiernamaals, sal daar ook 'n onderskeid wees. "'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek" (1 Kor 15:44). In hierdie lewe oorheers die stoflike. In die hiernamaals oorheers die geestelike. Voedsel sal nie nodig wees nie. "Kos is vir die maag, en die maag vir kos. Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak" (1 Kor 6:13). Die opstandingsliggaam sal dus nie die behoeftes van eet en drink hê nie. Ook die seksuele lewe sal ophou. In die opstandingslewe na die dood word daar nie getrou nie. Die menslike geslag is kompleet en die getal uitverkore kinders is voltallig. Voortplanting is nie meer noodsaaklik nie.

## Waar is die gelowiges en ongelowiges na hulle afsterwe?

Die dood is vir die gelowige die ingaan in die rus wat Jesus Christus die Here berei het vir die kinders van die Vader. Met die skeiding van siel en liggaam word die siel onmiddellik in die Vaderhuis opgeneem (Joh 14). Die sterwe van die gelowige kind van God is dus 'n "hemelvaart". Nêrens leer die Skrif dat die siel in 'n soort bewusteloosheid versink nie. Die Skrif leer inteendeel dat die siel tussen sterwe en wederopstanding bewus van dinge is. So byvoorbeeld in die gelykenis van Lasarus en die ryk man (Luk 16:19-31).

Na die dood is daar 'n voortgang van lewe. Daar is wel 'n diepgaande kloof tussen gelowiges en ongelowiges. Albei ervaar met bewustheid hulle toestand. Die lewe na die dood word bepaal deur jou lewe voor die dood, naamlik of jy geluister het na die wet en die profete, dit is: die Woord van God (Luk 16:29). Waar is die ongelowiges tussen sterwe en wederopstanding? In pyn en smart. Die Skrif noem dit die onderwêreld, die doderyk, plek van die duiwels (vgl. Jes 14; 1 Pet 3:19).

## Weet die ontslapenes wat in hierdie lewe gebeur?

Jesaja skryf: "U tog is ons Vader. Abraham weet niks van ons nie en Israel is nie van ons bewus nie ..." (63:16). Die reeds ontslapenes is onbekend met die volk se ellende in Babel. Maar wat dan van "daar sal in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer" (Luk 15:7)? Volg hieruit dan nie dat die saliges weet wat op aarde gebeur nie? Weet 'n ontslape moeder as haar bandelose seun tot bekering gekom het? Die Skrif bied nie redes vir sulke "hemelverhale" nie. Hier moet eerder gedink word aan die blydskap wat daar by God is. Met die skepping het God Hom verheug in sy werke. Met die herskepping verheug Hy Hom nie minder nie.

In die gelykenis van Lasarus en die ryk man wil laasgenoemde graag hê dat iemand sy vyf broers moet gaan waarsku oor die vlamme en smarte waarin hy verkeer. Hyself kan dit nie

doen nie. Daar is geen verbinding nie. Die feit dat hy weet van sy broers berus nie op wetenskap in die hel nie, maar op herinnering. Ook die versugting van die siele onder die altaar (Openb 6:9-11) is nie ’n bewys van kennis wat op aarde gebeur nie, maar ’n herinnering aan die martelaarskap wat hulle gely het.

## Sal gelowiges mekaar ken en herken in die hiernamaals?

“Ek sê vir julle: Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel” (Matt 8:11). Hieruit kan ’n versigtige afleiding gemaak word dat die “baie wat aankom” sal weet dit is Abraham en dit is Isak, ensovoorts. In die hiernamaals sal daar dus nie alleen herinnering wees nie, ook herkenning.

Ons moet egter nie aards dink oor hierdie weersien nie, want in die hemel geld die aardse verhoudinge nie meer nie. Familiebetrekkinge soos man en vrou, ouers en kind is daar nie van belang nie. Die natuurlike verhoudinge word totaal oorheers deur die geestelike verhoudinge, naamlik ’n volmaakte verhouding en gemeenskap met God die Vader en deur Jesus Christus. Dit maak die hemel HEMEL ... In en deur Hom gaan dit egter ook om die verhouding mekaar as lede van sy liggaam.

## Wat beteken die rus in die Vaderhuis?

Dit beteken nie niksdoen nie. Liggaamlike werk is natuurlik uitgesluit in die tyd voor die wederopstanding van die liggaam. Wat God se kinders presies doen, is verborge. Wat ons wel kan sê, is dat die geestelike arbeid en verrigtinge tot ontplooiing kom. Met alle geestelike funksies, sonder die belemmering van die sonde, dien God se kinders Hom wat op die troon sit. Woordbediening en sakramente val weg. Dit hoort tot die lewe uit die geloof. En geloof val dan weg. Geloof gaan oor in aanskouing. •